

3. Koning Dawid se regering

2 Samuel 13 - 24; 1 Konings 12 en 1 Kronieke 20 - 29

God is lankmoedig

Dawid gaan sy lewe lank gebuk onder die gevolge van sy sonde. Van sy raadgewers en selfs twee van sy seuns kom in opstand teen hom. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Die gevolge van die sonde is ingrypend.
- Dit is dwaas om op jou eie insigte of vermoëns te vertrou.
- Die Here hou die gelowige staande nieteenstaande al sy sonde.

Amnon en Tamar

Ná Dawid se skulderkenning word Natan se vroeëre woorde duidelik sigbaar in die res van Dawid se lewe.¹¹ Daar is gedurig struweling en bloedvergieting onder die lede van sy gesin en hulle kom selfs in opstand teen hom.

Die probleme begin met Amnon, een van Dawid se seuns, wat verlief raak op sy halfsuster Tamar. In 'n poging om by haar te wees, gee hy voor dat hy siek is. Toe sy kom om hom te verpleeg, misbruik hy haar. Daarna verag hy haar en vra hy 'n dienskneg om haar uit die huis te jaag en die deur te sluit. Sy gaan na Absalom, haar eie broer, en vertel aan hom wat met haar gebeur het. Hy sweer wraak teen Amnon, veral toe dit duidelik word dat Dawid Amnon nie gaan straf oor sy verkeerde optrede nie.

Twee jaar later voer Absalom sy belofte van wraak uit. Terwyl skeerders besig is om Absalom se skape te skeer, tref hy reëlins vir 'n groot fees waarna hy al sy broers nooi. Daar is volop wyn by die ete en toe Amnon al baie gedrink het en goed vrolik is, storm die diensknegte op hom af en slaan hom dood. Al die ander prinse slaan dadelik op die vlug. Die berig wat Dawid van die insident ontvang, is dat al sy seuns dood is. Hy is natuurlik baie ontsteld hieroor, maar Jonadab, 'n vriend en 'n neef van Amnon, vertel die koning alles wat gebeur het. Kort hierna daag Dawid se ander seuns daar op en saam met Dawid huil hulle oor Amnon se dood.

¹¹ 2 Sam. 12: 10 En nou sal die swaard vir ewig van jou huis nie wyk nie, omrede dat jy My verag het en die vrou van Uría, die Hetiet, geneem het om jou vrou te wees.

Absalom vlug

Absalom vlug dadelik, want hy weet hy is nou kniediep in die moeilikheid. Drie jaar lank woon hy by die oupa van sy vrou, die koning van Gesur. Net soos Eli is Dawid ook 'n swak opvoeder van sy kinders, wat nie streng genoeg optree as sy kinders ongehoorsaam is nie. Sy eie sonde maak hom swak. Hoe kan hy Amnon straf oor sy sonde met Tamar, terwyl hy dieselfde sonde met Batseba gepleeg het? Omdat hy self Uria vermoor het, kan hy ook nie Absalom, die moordenaar van sy broer, straf nie.

Dawid verlang baie na Absalom, wat nou in Gesur is. Joab, die hoof van sy leër, kry Dawid baie jammer en maak 'n plan wat dit vir Absalom moontlik sal maak om na Jerusalem terug te keer. Hy laat 'n vrou Dawid oortuig dat hy wat Dawid is, hom ontferm oor ander misdadigers, maar oor sy eie seun wil hy hom nie ontferm nie. Dawid luister na haar en stuur Joab na Gesur om Absalom te gaan haal. As straf is hy twee jaar lank onder huisarres en word hy nie toegelaat om na die koning toe te gaan nie.

Vir Absalom is dit 'n swaar straf. Ná die twee jaar laat hy Joab twee keer roep om by hom te pleit om versoening tussen hom en sy vader te bewerkstellig, maar Joab wil nie kom nie. Daarom gee Absalom opdrag dat 'n garland van Joab afgebrand word. Dit het die gewenste uitwerking. Joab voldoen aan Absalom se versoek en ná vyf jaar raak Dawid en Absalom weer versoen.

Absalom kom in opstand teen Dawid

Absalom bly steeds 'n wrok koester. Weens die moord wat hy gepleeg het op sy broer Ammon mag hy nie meer koning word nie. Daarom besluit hy om sy pa van die troon te stoot om tóg koning te word. Hy doen baie moeite om die volk te probeer beïndruk. Onder andere bevraagteken hy die regspraak van sy pa en slaag só daarin om 'n groot deel van die bevolking se guns te wen.

Om sy slinkse planne te verdoesel, gee hy voor dat hy na Hebron moet gaan om 'n gelofte wat hy aan die Here gemaak het, te gaan betaal. Daarom gee Dawid hom die nodige toestemming om daarheen te vertrek. In Hebron kan Absalom sy planne beter uitvoer as in Jerusalem. Hy neem 200 mans met hom saam om sogenaamd deel te neem aan die offerfees. Onder hulle is Agitofel, een van Dawid se raadgewers. Dawid keur dit niksvermoedend goed.

In Hebron laat Absalom hom tot koning oor Israel uitroep en versprei die gerug deur die hele land dat hy in Hebron koning geword het. Verder stuur hy spioene reg oor die land wat moet sorg dat sy planne goed uitwerk.

Dawid vlug

Aanvanklik ag Dawid dit nie raadsaam om in te gryp nie en besluit hy om eerder te vlug. Dawid besef immers dat hy nie genoeg krygsmanne het om Jerusalem teen die groot leër van die oproermakers te verdedig nie.

'n Groot aantal van Dawid se getroue volgelingen vlug saam met hom. Sadok en Abjatar, die priesters, trek ook met die ark uit Jerusalem. Toe Dawid met sy getroue volgelingen deur die spruit Kedron trek, huil die hele land hardop.

Ná 'n ruk verneem Dawid dat Agitofel Absalom se kant gekies het. Dawid smee die Here dat Hy Agitofel se raad sal verydel en die Here verhoor hierdie gebed. Dawid beraam nou 'n ander plan. Husai, 'n ander raadgewer van Dawid, is nog by hom. Hy stuur Husai na Absalom onder die voorwendsel dat hy ook 'n volgeling van Absalom wil wees. Hy moet dan al Absalom se planne uitvind en dit deur middel van Ahimaäs en Jonatan vir Dawid laat weet.

Agitofel se raad

Terwyl Dawid verder vlug, neem Absalom Jerusalem in. Husai, Dawid se getroue raadgewer, bied sy dienste aan Absalom aan. Absalom wonder eers hieroor, maar met dubbelsinnige woorde wen Husai Absalom se vertroue. So word hy ook 'n raadgewer van Absalom.

Absalom vra vir Agitofel wat hom nou te doen staan en hy gee hom die raad om die byvroue van sy pa te onteer. Absalom volg sy raad en daardeur word die straf oor die egbreuk van Dawid vervul.¹² Verder raai Agitofel vir Absalom aan om dadelik met 12 000 man Dawid te agtervolg en hom te verslaan. Dit is goeie raad, want anders kry Dawid tyd om vir hom 'n leër op die been te bring. Absalom is nie seker of hy hierdie raad moet volg nie en vra Husai se advies. Hy keur Agitofel se raad af en raai Absalom aan om eers 'n groot leër op die been te bring, waarmee hy dan Dawid kan aanval.

12 2 Sam. 12: 11 So sê die HERE: Kyk, Ek sal uit jou huis onheil oor jou verwek, en jou vroue voor jou oë neem en aan jou naaste gee, sodat hy by jou vroue sal slaap voor die oog van hierdie son.

Absalom volg die raad van Husai, en so kry Dawid kans om hom behoorlik voor te berei vir die geveg. Husai laat vir Dawid deur middel van Jonatan en Ahimaäs weet van die besluit van Absalom. Toe Agitofel agterkom dat sy raad verwerp is, hang hy homself op. Daarna trek Dawid oor die Jordaan en kom in Mahanaïm. Hier sluit 'n groot aantal van sy ondersteuners, selfs van die Ammoniete, by hom aan.

Die dood van Absalom

Intussen bring Absalom 'n leër onder leiding van Amasa op die been en trek uit om teen Dawid te veg. Dawid self bly in die stad Mahanaïm terwyl sy leër uittrek, maar hy gee nog vir laas aan Joab, Abisai en Ittai die opdrag om sag te werk met sy seun Absalom.

Die geveg vind in die bosse van Efraim plaas. Dawid se leër kry gou die oorhand en Absalom en sy manne moet vlug. Absalom ry op 'n muil, en in die vlug haak sy hare aan die takke van 'n boom vas, sodat hy daarin bly hang. Toe Joab hoor dat Absalom daar hang, gaan hy gou daarheen en maak hom dood.

'n Kusiet vertrek met die boodskap van die oorwinning na Dawid wat in die poort van Mahanaïm wag. Ahimaäs wil ook graag die boodskap van die oorwinning gaan aankondig en Joab gee toestemming om te gaan. Hy hardloop die vinnigste en kom eerste by Dawid aan. Hy vertel die koning van die oorwinning, maar sê niks van Absalom se dood nie. Toe die Kusiet later opdaag, vertel hy vir Dawid van Absalom se dood. Dawid begin bitterlik huil en roep uit: "My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek maar in jou plek gesterf het."

Dawid het Absalom baie lief gehad, maar hy het homself seker ook verwyt dat hy as vader nie strenger teen sy kind opgetree het nie. Hierna gaan Dawid terug na Jerusalem. Hy tree verstandig op deur nie die aanhangers van Absalom te straf nie.

Opstand van Seba

Ná die gebeure is die mans van Israel ongelukkig oor die feit dat Dawid die stam van Juda voortrek deur hulle alleen toe te laat om hom na Jerusalem terug te bring. Seba maak van hierdie ongelukkigheid gebruik om die mans van Israel teen die koning op te sweep. Seba slaag daarin om 'n groot leër te versamel om teen Dawid in opstand te kom.

Later vlug Seba na Abel-Bet-Maäga, in die noorde van die land. Toe Dawid se leër daar opdaag, oortuig 'n wyse vrou in die stad die inwoners om Seba se kop af te kap en dit oor die stadsmuur te gooi. Hiermee is die opstand van Seba beëindig. Hierdie opstand is die eerste teken van die skeuring tussen Juda en Israel, wat later sal volg.

Die Gibeoniete en die huis van Saul

Terwyl Saul nog koning was, wou hy al die Gibeoniete saam met die Kanaäniete uitroei, al het Josua vroeër 'n verbond met hulle gesluit dat die Israeliete hulle geen leed sal aandoen nie.¹³ As straf op Saul se sonde het die Here 'n droogte en hongersnood vir drie jaar lank oor die land laat kom. Toe Dawid tot God bid, wys die Here vir hom dat die droogte die gevolg van Saul se sonde is.

Die Gibeoniete vra nou vir Dawid, dat hy sewe seuns van Saul aan hulle moet uitlewer sodat hulle die seuns in Gibeon kan ophang. Dawid doen wat hulle vra en lewer aan hulle twee seuns van Saul se byvrou Rispa en vyf seuns van Saul se dogter Merab uit. Net Mefiboset lewer hy nie uit nie. Hulle is al sewe deur die Gibeoniete opgehang en is saam met Saul en Jonatan se bene in die graf van Kis, Saul se pa, begrawe.

Die volkstelling

Dawid se koninkryk is nou sterk en magtig en geniet groot aansien by al die volke. Hy het daarin geslaag om alle omringende volke aan hom te onderwerp. Die gevaar bestaan egter dat Israel nie meer hul vertroue op God stel nie, maar op hulle eie mag vertrou. Dit is die geval met Dawid toe hy swig voor die versoeking om die volk te laat tel. Die Here word kwaad oor hierdie verkeerde optrede van hom. Dawid wil spog met sy roem en sy groot mag. Daardeur verheerlik hy homself. Sy sonde is dus hoogmoed en selfverheffing.

Ook Israel as volk maak hulle hieraan skuldig. Dawid sien nie sy eie en die volk se sonde raak nie, selfs al waarsku Joab hom om nie die volk te tel nie. Ná die telling bevind hulle dat daar 800 000 strydbare mans in Israel en 500 000 mans in Juda is. 'n Groot aantal soldate wat 'n magtige leër kan vorm.

¹³ Jos. 9: 15 En Josua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit, dat hy hulle sou laat lewe; en die owerstes van die vergadering het hulle dit met 'n eed beloof.

Pes onder Israel

Ná die telling van die volk kom Dawid tot die besef dat hy gesondig het en vra die Here om hom te vergewe. Die Here stuur die profeet Gad na hom toe, wat aan hom sê dat hy kan kies watter straf hy wil hê. Hy kan kies tussen drie jaar hongersnood, drie maande vlug voor sy vyande of drie dae pes in Israel. Dawid kies nie maar laat dit in die hande van die Here om self te kies, want die Here is genadig in sy oordeel.

Die Here stuur 'n vreeslike pes onder Israel waardeur in drie dae 70 000 mans sterf. Toe Dawid in 'n gesig die verderf Engel sien aankom na Jerusalem, bid en smeek hy die Here om sy volk te spaar. Die profeet Gad kom na hom toe en beveel hom om vir die Here 'n altaar te bou op die dorsvloer van Arauna. Dawid doen dit, en die Here steek self die offer aan met vuur uit die hemel. Toe hou die pes op. Op hierdie dorsvloer bou Salomo later die tempel van die Here.¹⁴

Dawid benoem Salomo as koning in sy plek

Ná die dood van Amnon en Absalom is Adonia, die seun van Haggit, waarskynlik die oudste seun van Dawid, daarom maak hy aanspraak op die troon. Abjatar en Joab help Adonia om 'n groot feesmaaltyd te reël. Hy nooi al die seuns van Dawid, behalwe Salomo, na hierdie maaltyd. Sy plan is om homself op die fees tot koning te laat uitroep.

Dawid het egter reeds aan Batseba beloof dat haar seun Salomo koning sal word. Die profeet Natan raai haar aan om met Dawid oor die planne van Adonia te gaan praat en hom aan sy belofte te herinner. Daarom laat Dawid Salomo self en tot koning in sy plek uitroep. Uit vrees dat Salomo hom sal doodmaak, vlug Adonia na die tent waarin die ark van die Here staan en gryp aan die horings van die altaar vas. Salomo beloof egter vir Adonia dat as hy hom goed sal gedra, hy hom nie sal dood maak nie.

Toe Dawid voel dat sy einde naderkom, vermaan hy die owerstes van die volk en in die besonder sy seun Salomo, dat hulle die Here moet bly vrees, dan sal hulle deel aan God se beloftes verkry. Verder herinner Dawid vir Salomo wat Joab gedoen het, en dra aan hom op om Joab te straf. Ook Simeï, wat Dawid gevloek het, moet Salomo nie ongestraf laat bly nie. Ná hierdie opdragte aan Salomo sterf Dawid in die ouderdom van 70 jaar.

¹⁴ 2 Kron. 3: 1 En Salomo het die huis van die HERE begin bou in Jerusalem op die berg Moría waar Hy aan sy vader Dawid verskyn het, op die plek wat Dawid reggemaak het op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet.

Sy lewe was vol stryd en verdriet, maar die Here het hom ook rykdom en eer gegee en van al sy vyande verlos. Hy is begrawe in die stad van Dawid op die berg Sion.

Voorbereidings wat Dawid getref het om die tempel te bou

Hoewel Dawid self nie 'n tempel vir die Here mag bou nie, versamel hy in sy lewe groot skatte om vir die bou van die tempel te gebruik. Hy tref selfs reëlins vir die diens van die Here in die tempel: hy verdeel die priesters in 24 afdelings wat om die beurt in die tempel moet werk. Die Leviete verdeel hy ook in vier klasse om in die tempel diens te doen. Verder stel hy musikante en sangers aan vir die tempel.

Die betekenis van Dawid

Dawid word in die Bybel die man na God se hart genoem. Hy was die groot held wat sy volk van al hulle vyande verlos en die landsgrense ver uitgebrei het. Hy was ook 'n groot staatsman wat sy volk goed regeer en tot eenheid gelei het. Hy was 'n baie dapper man, maar hy het in groot sondes geval. As gehoorsame koning is hy 'n afbeelding van die groot Koning wat uit sy nageslag sou kom: die Messias wat later uit die geslag van Dawid in Betlehem gebore en ons ewige Koning is.

Vir ons as gelowiges is die psalms wat Dawid onder leiding van die Heilige Gees gedig het, van onskatbare waarde. 'n Psalm is 'n lied of gedig. In hierdie liedere besing Dawid die lof van die Here en hy kla oor sy eie sonde. Hy profeteer ook van die Messias wat sal kom. Hierdie liedere het Dawid gedig onder leiding van die Heilige Gees. Daarom is dit liedere wat die Here self aan gelowiges gee om hulle te troos, te bemoedig en om die lof van die Here te besing.

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 70 - 73 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 437 - 454 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 280 - 294 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 306 - 324 p.